# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-05-15

Liewe Ouers



**KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"**
Ons verkoop steeds donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R280-00 per "top". Die volgende groottes is beskikbaar:
3-4 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges
9-10 jariges
Daar is voorbeelde om aan te pas. Betaling kan by Lize-Mari by die ontvangskantoor gedoen word.

**PARKERING**
Ons doen weereens 'n dringende beroep op ouers om soggens en tydens uitkomtyd nie op die rooi strepe te parkeer nie. Dit veroorsaak 'n opeenhoping van motors in die straat. Ons is bekommerd oor ons kleuters se veiligheid, want hulle word nie raakgesien tussen al die motors nie. Kan die ouer wat die nuusbrief lees, asb. hierdie inligting ook deel met die persone wat u kleuters op- en aflaai.

Maak ook asb. gebruik van die voetoorgang. U voorbeeld sal in die toekoms deur u kleuter nagevolg word.

Baie dankie aan die padpatrollie-ouers en –personeel wat selfs in die koue behulpsaam is met die veiligheid van ons ouers en kleuters. Ons waardeer julle opoffering.

## GRAAD R-INLIGTING:

**INLOERDAG BY GRAAD R**
Baie dankie aan al die ouers wat kom inloer het by ons klasse. Ons maak weer so!

**INSTAPPIE: MEGAN'S PETTING FARM - 22 MEI**
Alle gelde (R45-00) moet asb. teen Maandag 18 Mei op die D6 inbetaal wees.
Onthou asb. u kleuter se skoolhempie of warm Klein Lochieland baadjie vir eenvormigheid.

**VERPLIGTE OOGTOETSE (SLEGS GRAAD R)**
Die belangrikheid van oog- en gehoortoetse kan nie genoeg beklemtoon word nie. Ons probeer dit vir ons ouers so maklik as moontlik maak deur die verskillende terapeute en kundiges na die skool en kleuters self te bring.

Daarom gaan ons op **Donderdag 4 Junie** die Eendjie- en Beertjieklas kleuters **en op Donderdag 11 Junie** die Vissie- en Hasieklas kleuters se oogtoetse laat doen. Die kostes is die minimale bedrag van **R110 per leerder** en moet asb. voor of op **Vrydag 29 Mei** betaal word. Indien u kind onlangs getoets is deur 'n oogarts of oogkundige moet bewys van die toetsing aan die onderwyseres gelewer word, asb.

Die vorm om te voltooi saam met die korrekte bedrag (wat net so aan die oogkundige oorhandig word) sal per WA aan u gestuur word. Indien u kind vir verdere toetse/bril moet gaan na die toetsing, kan u daarna na enige oogarts of oogkundige gaan.

| | | |
|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | **EK LEEF GESOND en GOEIE MANIERE** | |
| Ons persepsies: | Getal: | **6 en sesde** |
| | Klank: | **h-klankie** |

Assesserings:

**Herken rymwoorde**
**Knipvaardighede**
**Rangorde: Eerste tot sesde**
**Skep 'n eie patroonraam**
**Gooi en vang 'n tennisbal**
**Bons 'n tennisbal**
**Menstekening**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 18 Mei: | ***Bring 'n uitgeknipte "h-klankie" prent, asb.*** |
| Dinsdag | 19 Mei: | Ons maak die getal 6 uit klei |
| Woensdag | 20 Mei: | Ek teken 'n koskas met gesonde en ongesonde eetgoed |
| Donderdag | 21 Mei: | Bak-en-Brou: 'n Gesonde stokkie |
| Vrydag | 22 Mei: | ***INSTAPPIE: Megan's Petting Farm*** |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**UITSTAPPIE: VREDENHEIM DIEREWERF - VRYDAG 12 JUNIE**

Om by ons Plaasdier-tema aan te pas, gaan ons op Vrydag 12 Junie die Vredenheim Dierewerf besoek. Ons maak gebruik van Eljosa Busdiens om die kleuters te vervoer. Kostes beloop R250-00 per kleuter wat die ingangsfooi by Vredenheim en die busvervoer insluit. Die uitstappie kan op die D6 betaal word. Laaste dag vir betaling sal Vrydag 5 Junie wees.

| | | |
|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | **VOËLS** | |
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Pienk** |
| | Vorm: | **Ruit** |
| | Getal: | **8** |
| | Klank: | **r-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 18 Mei: | Ons maak 'n pou |
| Dinsdag | 19 Mei: | Ons maak 'n pikkewyn |
| Woensdag | 20 Mei: | Ons teken 'n uil |
| Donderdag | 21 Mei: | Ons maak voëltjies in 'n nes |
| Vrydag | 22 Mei: | Bak-en-Brou: 'n Voëlnessie |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel